## 18 Mei 1 Johannes 5:5-8; HK, Sondag 20

### *Het ek ook die Heilige Gees ontvang?*

'n Groot vraag waarmee ons kan worstel is: "Is die Heilige Gees ook aan my gegee? Dit is baie belangrik dat ons nooit God, die Heilige Gees van die Vader en die Seun losdink nie. Die Heilige Gees is saam met God die Vader en die Seun ware en ewige God. Dit is baie belangrik. Waarom? Daar is mense wat dink ons kry op 'n ander manier deel aan die Heilige Gees as aan die Vader en die Seun. As die Heilige Gees saam met God die Vader en die Seun ware en ewige God is, dan kry ons aan Hom deel presies op dieselfde manier as waarop ons deel kry aan God die Vader en die Seun.

Hoe kry ons deel aan God, die Heilige Gees? Deur in Hom te glo. En wat beteken dit om te glo? Om te glo is altyd om dit aan te gryp wat God belowe in sy Woord. Christene word vandag verlei om te gryp na 'n emosie of gevoel of selfs drome en openbaringe as bewys dat hulle die Heilige Gees ontvang het. Hierdie maatstaf gee die Bybel nie aan ons as toets of ons die Heilige Gees ontvang het nie. Nee, ons glo wat God belowe. By ons doop is die Heilige Gees ook aan ons deur die Vader belowe. Die enigste geneesmiddel vir ons twyfelende harte, is die onwankelbare beloftes van God se verbond. Glo maar net die belofte. God sal met sy Gees nooit van jou wyk nie. Op hierdie manier sal jy tog die krag en liefde en selfbeheersing ervaar (1 Tim 1:7).

Sing: Skrifberyming 13:1-4 Ds. J.H. Grobler (Grootfontein)